BLITSKRUINER Eerste Uitgawe 2026


# Versoeningsdagdiens 2025




Ds. Willie Rothmann het die Versoeningsdagdiens gelei, en gesê:

Ons aanbid 'n God van versoening. Versoening begin met eerlikheid. Dit is nie 'n politieke opdrag nie – dit is deel van God se hart. Hy het die opdrag geïnisieer, en dit is 'n evangeliese opdrag. Jesus roep ons vir oorgawe van liefde, vergifnis, waarheid en die verandering van ons harte.

# Oujaarsdiens 2025




In Matt. 14:22-32, het Petrus – met sy oë gevestig op Jesus – genoeg geloof om uit die skuit te klim, en op water met groot golwe te loop. Die groot golwe laat hom twyfel, en hy begin sink. Aldus ds. Heinrich Stapelberg, is God in beheer oor alles en vir God is niks onmoontlik nie. Fokus net op Jesus in 2026. Die gemeente is vergas met 'n orrel- en klavier-uitvoering.






# Kersdagerediens 2025






Ds. Heinrich Stapelberg steek op Kersdag die laaste Adventkers, die Christuskers, aan. 'n Engel van die Here het eerste aan skaapwagters verskyn. Die skaapwagters – van lae aansien – het 'n lewensveranderende goeie tyding van groot blydskap ontvang wat geen mens uitsluit nie. Hierdie boodskap moes hulle ook oordra.

Kersfees help ons om anders te dink en op te tree. Dan moet hoop, vrede en liefde vir mekaar, die fokus wees – want dit is wat Christus vir elkeen van ons kom gee het.

Orrel-, trompet- en klavierspel deur onderskeidelik Gideon Brits, Neels Claassen en Wilma Potgieter, het bygedra tot 'n luisterryke geleentheid.

# God sien die groter prentjie en Hy is die Alfa en Omega

Ds. Heinrich Stapelberg se boodskappe tydens die eredienste van 28 Desember 2025 en 4 Januarie 2026, bied vir ons waardevolle ankers, ten spyte van onsekerhede vir 2026.

God kan nie oneerlik wees nie; Hy is die waarheid. God kan nie verander nie; Hy is reeds volmaak; en God kan nie soos ons dink nie. Hy het reeds die volle kennis van die verlede, hede en toekoms. Ons kan God met volle geloof en vertroue volg. Hy verlang die beste van ons. Leef dit dan so uit.






# KUIERHOEKIE

Die Kuierhoekie se Valtynsete op 6 Februarie was 'n reuse sukses. Sestig mense het die Valentynsete bygewoon. 'n Opwindende program vir 2026 lê voor. Kom woon dit asseblief by.



# PADKAFFEE



**Links:** Lekker kuier tydens die eerste 2026 Padkafee op 30 Januarie.



**Regs:** Dit woel in die kombuis om alles gereed te kry.

# TOEWYDINGSREEKS

## Terug na die huis toe – 'n geestelike refleksie

Ds. Willie Rothmann lewer die eerste boodskap van die Toewydingsreeks op 25 Januarie.

In hierdie preekreeks het ons geluister na God se hart vir gesin, identiteit en gemeenskap. Ons is daaraan herinner dat ware herstel begin wanneer ons terugkeer na die Vader se huis. In Christus vind gebroke verhoudings nuwe hoop, en gewone huise word weer ruimtes van genade.

# OORSIG:
# Gemeente se finansies

Oor die afgelope paar jaar, en veral sedert die COVID-pandemie, het die Gemeente se inkomste geleidelik afgeneem. Elke jaar raak dit moeiliker om die begroting te balanseer en al ons finansiële verpligtinge na te kom.
Hierdie verpligtinge sluit onder andere vaste uitgawes in, soos munisipale rekeninge en bydraes aan die Sinode en Ring, asook ons daaglikse bedryfskoste, Aksiegroep-uitgawes (byvoorbeeld aankope by Uitreik) en salarisse.

Terwyl ons tans besig is met die opstel van die begroting vir die komende finansiële jaar, staan ons voor 'n groot uitdaging. Dit lyk waarskynlik dat ons die huidige finansiële jaar met 'n tekort sal afsluit. As gevolg hiervan sal dit noodsaaklik wees om ons uitgawes op alle vlakke in die nuwe finansiële jaar verantwoordelik te hersien en te beperk. Ongelukkig beteken dit ook dat ons nie salarisverhogings aan enige van ons personeellede sal kan toestaan nie.

As Gemeenteraad is ons baie bewus van die finansiële druk waaronder elkeen tans verkeer. Ons wil daarom met groot nederigheid vra dat u saam met ons in gebed sal gaan, en die Here sal vra om ons met wysheid te lei sodat ons die regte besluite oor die Gemeente se finansies kan neem. Ons bid ook dat elke gemeentelid God se stem sal hoor en wysheid sal ontvang oor hoe ons saam kan help om die Gemeente se finansies te versterk.

Vroeg in Maart sal daar terugvoer gegee word oor die besluite wat tydens die Gemeenteraad se beplanningsgeleentheid geneem is. Ons vra u vriendelik om ook hierdie geleentheid in u voorbidding te dra.

**Belangrike datums:**
**Padkafee**: Vrydag 27 Februarie
**Gemeenteraadbeplanningsgeleentheid**: 20 en 21 Februarie.
**Wêreldbiddag vir vroue**: Vrydag 6 Maart.
**Wêreldbiddag vir mans**: Saterdag 7 Maart.
**Groot Lydensweek**: Sondag 29 Maart.



# GELOOFSONTWIKKELING 2026 (GLO)



Megan Hendry skop na die aanderediens van 18 Januarie, in die konsistorie af met die registrasie en werksaamhede van die Senior Geloofsontwikkelingsgroep van gr. 8 tot 10.



Ná die aanddiens van 18 Januarie, ontmoet ds. Heinrich Stapelberg die Belydenisafleggingsgroep van 2026 en hul ouers in die kapel en lig hulle in aangaande die werksaamhede vir die jaar.

# VEEARTSENYSTUDENTE

NG Overkruin is trots daarop om die geloofstuiste vir 'n groot groep van Onderstepoort se veeartsenystudente te wees. Na die aanddiens op 1 Februarie, het ds. Willie Rothmann 'n oriëntering- en beplanningsgesprek met die studente gehad.

Ons bid hulle die Here se seën en voorspoed toe vir sukses in een van die veeleisende studierigtings in tersiêre opleiding.



# Die Kwêvoël


**Grave Caretakers**

**Contact: Anette / Alwyn**

**Cell: 071 108 8308**

**Email: anette2.dippenaar@gmail.com**





Lize Bothma
Begrafnisdienste
083 244 1653 (Alle ure)



Welkom by hierdie erediens 15 FEBURARIE 2026

# NG OVERKRUIN

ng overkruin
aanbid... gee om... bring hoop...

**Kantoorure: 08:00-13:00 Tel: 012 567 2177**

## PROGRAM VIR DIE DAG
**Lydensweek 1**
**Toewydingsreeks**

09:00 **Erediens**. Ds. W. Rothmann.
Teks: Lukas 15:11–32.
Tema: Herstel begin by huis toe kom – Christus en die nuwe gesin
09:00 **Pienkvoete**.
10:00 **Jr. GLO**.

18:00 **Erediens**. Ds. H. Stapelberg.
Teks: Matteus 13:1-9.
Tema: Wat soek jy?
**Sr. GLO**.




## SENIORBEDIENING
Baie geluk aan **Marie Marais**. 082 925 1867, wat vandag 86 word. 'n Geseënde jaar word haar toegebid.

## ONGESTELDES
**Piet Erasmus**. 071 551 2130. Vra vir voorbidding.

**Dawie Fourie**. 082 556 4451. In Steve Biko Hospitaal.

**Ben Dekker**. 082 995 7777. Vra vir voorbidding.

**Willie Terblanche**. 072 737 9214. Herstel tuis.

**Kitty Liebenberg**. 072 826 1634. Vra vir voorbidding.

## MEEGEVOEL
**Alta Holder**. 082 593 7337. Haar eggenoot, Henry is oorlede. Diens is Dinsdag 17 Februarie om 11:00

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### MAANDAG 16 FEBRUARIE
18:30 **Aanlynbybelstudie**.

### WOENSDAG 18 FEBRUARIE
09:00 **Bybelstudie**. Ds. W. Rothmann. Kapel.

18:30 **Koor**. Almal is welkom.

### DONDERDAG 19 FEBRUARIE
09:00 **Bybelstudie**. Ds. H. Stapelberg. Kapel.

09:00 **Bybelstudie**. Ds. P. Conradie. Konsistorie.

### SATERDAG 21 FEBRUARIE
05:30 **Carpe Diem-mannegroep**.

### SONDAG 22 FEBRUARIE
**Lydensweek 2**

09:00 **Erediens**. Ds. H. Stapelberg.
09:00 **Pienkvoete**.
10:00 **Jr. GLO**.

18:00 **Erediens**. Ds. W. Rothmann.
**Sr. GLO**.

## GEMEENTERAADSBEPLANNINGS-GELEENTHEID
Vrydag 20 en Saterdag 21 Februarie.

Ons herinner u aan ons **motorwagte** se kassies by die deure. Die motorwagte is slegs tydens die oggenddiens aan diens.

## GEDAGTE VIR DIE WEEK
Hoewel niemand lyding geniet nie, word dit deur God gebruik om sy Goddelike doel te bereik.
*Leo Buscaglia*

## DANKOFFERSTELSEL
Lidmate kan hulle dankoffer of enige ander bydrae op van die volgende maniere doen:
**Bankbesonderhede**:
ABSA: NG Overkruin
Rek: 5260 142 552
Tak: 632 005.
Verw: bv. Dankoffer / kollekte.

Snap here to pay
getsnapscan.com